maand van die voorafgaande jaar, het groothandelspryse met 15,2 persent tot Augustus, 16,2 persent tot September en met 14,8 persent tot Oktober 1976 toegeneem. Die koers van toename in die groothandelspryse van binnelands-geproduseerde goedere het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van onderskeidelik 15,3 en 18,7 persent in die tweede en derde kwartale gestyg, nadat hierdie indeks met slegs 10,4 persent in die eerste kwartaal van 1976 toegeneem het. Die versnelling in die koers van toename in pryse in die derde kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van skerp stygings in elektrisiteitstariewe en die pryse van steenkool en vervaardigde voedselprodukte. Na die aanvanklike uitwerking van die devaluasie van die rand in September 1975 op pryse in die vierde kwartaal van 1975, het die jaarkoers van toename in die pryse van ingevoerde goedere gedaal tot onderskeidelik 18,8 en 15,3 persent in die eerste en tweede kwartale van 1976 en daarna tot 7,1 persent in die derde kwartaal verlangsaam.


Betalingsbalans

Nadat dit vir agt opeenvolgende kwartale op 'n hoë vlak gebly het, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die derde kwartaal van 1976 aansienlik afgeneem. Hierdie verbetering het voorgekom nieteenstaande 'n verdere verswakking in die ruilvoet. Hierdie tekort op lopende rekening tesame met 'n klein netto uitvloeiing van kapitaal het tot 'n afname in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal gelei. Maar die afname was kleiner as gedurende die tweede kwartaal van 1976.


Verbetering op lopende rekening

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het aansienlik verbeter vanaf R487 miljoen in die tweede kwartaal tot slegs R111 miljoen in die derde kwartaal van 1976. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed en teen 'n jaarkoers geneem, het die tekort op die lopende rekening verander vanaf R2 108 miljoen in die tweede kwartaal tot R1 070 miljoen in die derde kwartaal van 1976 of vanaf 7,5 tot 3,7 persent van die bruto binnelandse produk gedurende hierdie tydperk. Die verbetering in die tekort op die lopende rekening is meegebring deur 'n afname in

Lopende rekening van die betalingsbalans



Bruto binnelandse besteding, goedere-invoere en saldo op lopende rekening



goedere-invoere en netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld en 'n verdere aansienlike toename in goedere-uitvoere, wat gedeeltelik deur 'n afname in die netto goudproduksie geneutraliseer is.


Goedere-invoere het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R7 652 miljoen in die tweede kwartaal tot R7 160 miljoen in die derde kwartaal gedaal, dit wil sê met 6,4 persent. Alhoewel die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal het, het dit nogtans 1,7 persent in die derde kwartaal beloop. Die skerp afname in die waarde van goedere-invoere in die derde kwartaal kan dus uitsluitlik toegeskryf word aan 'n opmerkbare afname in die volume van invoere. Die afname in die waarde van invoere was die skerpste in

die groepe vervoertoerusting en masjinerie en elektriese toerusting. Die invoer van olie en verdedigings-toerusting het egter op hoë vlakke gebly en ten einde buitelandse valuta te bespaar het die Minister van Ekonomiese Sake met ingang 22 Oktober 1976 bykomende brandstofbesparingsmaatreëls ingestel. Gedurende Oktober het goedere-invoere, seisoensaangesuiwerd, aansienlik gedaal.

Die waarde van goedere-uitvoere het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R4 454 miljoen in die tweede kwartaal tot R4 939 miljoen in die derde kwartaal van 1976 toegeneem – die sewende opeenvolgende kwartaalike toename wat aangeteken is. Hierdie verdere styging in goedere-uitvoere het in die meeste klasse kommoditeite voorgekom en was toe te skryf aan of volume- of prysstygings. Hoër diamant-verkope en toenames in die uitvoere van mineraal-produkte, koper en suiker het tot die styging in volume bygedra, terwyl hoër pryse wat vir uraan, karakoelpelse, koper, mielies en wol verkry is, vir die styging in die gemiddelde uitvoerpryse verantwoordelik was. Die pryse op die internasionale kommoditeitsmarkte het egter gedurende die drie maande tot Oktober afgeplat en dit het die opbrengs van Suid-Afrika se vernaamste uitvoerprodukte nadelig beïnvloed, met die opmerkbare uitsondering van wol en mielies. Volgens syfers wat deur die Departement van Doeane en Aksyns saamgestel is, het goedere-uitvoere in Oktober effens afgeneem.

Die tekort op die lopende rekening het ook verminder deur 'n afname in netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld vanaf 'n jaarkoers van R1 319 miljoen in die tweede kwartaal tot R1 036 miljoen in die derde kwartaal van 1976. Ontvangste vir dienste vanaf buitelanders het toegeneem en betalings vir dienste aan buitelanders het afgeneem. Laasgenoemde daling is deur skerp afnames in die dividendbetalings op buitelandse belegging en in die internasionale vraag en versekering op goedere veroorsaak, onderskeidelik as gevolg van laer winste en 'n daling in die volume van invoere. Die toename in ontvangste vir dienste was op sy

Ruilvoet



beurt weer hoofsaaklik aan hoër verkope van skeepsvoorrade toe te skryf.

Ondanks 'n geringe verdere toename in die fisiese volume van die goudproduksie, het die netto goudproduksie vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 409 miljoen in die tweede kwartaal tot R2 187 miljoen in die derde kwartaal van 1976 gedaal. Hierdie daling kan dus in geheel toegeskryf word aan 'n skerp afname in die goudprys op die private mark, naamlik vanaf 'n gemiddelde prys van \$127 tot \$114 per fyn ons op die Londense mark gedurende die betrokke tydperk. Gedurende Oktober en November het die goudprys op die private mark egter herstel en 'n prys van bykans \$139 per fyn ons is op 15 November behaal, voordat dit weer effens afgeneem het.

Netto kapitaaluitvloeiing

Gedurende die derde kwartaal van 1976 het die netto kapitaaluitvloeiing R12 miljoen bedra, maar daar was nogtans 'n totale netto invloeiing van R560 miljoen gedurende die eerste drie kwartale van die jaar. Nadat dit 'n gemiddelde maandelikse syfer van ongeveer R160 miljoen in 1975 en die eerste kwartaal van 1976 bedra het, het die netto invloeiing van buitelandse kapitaal merkbaar afgeneem tot effens minder as R30 miljoen per maand in die tweede kwartaal en daarna verander in 'n netto uitvloeiing van R4 miljoen per maand in die derde kwartaal van 1976. Alhoewel politieke onsekerhede bygedra het tot die verswakking in die kapitaalrekening, het ander faktore, soos die huidige lae vlak van investering, 'n uitvloeiing van private korttermynkapitaal, 'n skerp daling in die buitelandse lenings van die sentrale regering en 'n afname in die waarde van invoere, ook 'n nadelige invloed op die kapitaalrekening van die betalingsbalans gehad.


Die sentrale regering en banksektor het 'n netto invloeiing van kapitaal van R153 miljoen gedurende die derde kwartaal ontvang. Dit het 'n trekking van R75 miljoen by die Internasionale Monetêre Fonds onder die bystandsooreenkoms wat in Augustus goedgekeur is, ingesluit.

Aan die ander kant is 'n netto kapitaaluitvloeiing vanaf die private sektor ten bedrae van R165 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1976 aangeteken, vergeleke met 'n netto invloeiing van R90 miljoen gedurende die tweede kwartaal.

Goud- en ander buitelandse reserwes

Ondanks die aansienlike verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans en positiewe waardasie-aansuiwerings aan buitelandse reserwes, het die tekort op die lopende rekening nogtans die invloeiing van buitelandse kapitaal oorskry, met die gevolg dat die *bruto* goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R120 miljoen afgeneem het tot 'n vlak van R831 miljoen aan die einde van September 1976. Hierdie daling was baie kleiner as die daling van R395 miljoen gedurende die

Netto buitelandse kapitaalbewegings volgens sektor



tweede kwartaal. Gedurende September en Oktober het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes met R49 miljoen gestyg. Vanaf die einde van Oktober tot 19 November 1976 het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n skerp verdere styging van R208 miljoen getoon.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Gedurende die derde kwartaal van 1976 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld skerp gedaal tot effens minder as 2 persent, vergeleke met 15 persent gedurende die eerste kwartaal en ongeveer 18 persent gedurende die tweede kwartaal van die jaar. Die gemiddelde jaarkoers van toename gedurende die eerste nege maande van 1976 is verlaag tot ongeveer 11 persent, in vergelyking met 'n toename van 16 persent gedurende die kalenderjaar 1975.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld


Die klein styging van R43 miljoen in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1976 was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die skerp daling in die koers van toename in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor vanaf die tweede tot die derde kwartaal van 1976, en van 'n ommekeer van die afwaartse neiging in langtermyndeposito's van die private sektor wat vanaf Maart tot Julie 1976 op die voorgrond getree het. Nadat dit gedurende die tweede kwartaal 'n buitengewoon groot toename van heelwat meer as R600 miljoen getoon het, het die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, gedurende Julie en Augustus stadiger gestyg en gedurende September in werklikheid gedaal. Die langtermyndeposito's van die private sektor het, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, gedurende Augustus en September met R176 miljoen gestyg nadat dit gedurende die eerste sewe maande van die jaar met heelwat meer as R200 miljoen gedaal het.

Teenoor hierdie faktore wat tot 'n laer koers van toename in geld en kwasi-geld bygedra het, was die daling in die netto goud- en ander buitelandse reserves van die banksektor gedurende die derde kwartaal baie kleiner as gedurende die tweede kwartaal van 1976. In werklikheid het die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserves, nadat dit gedurende die eerste agt maande van die jaar met meer as R800 miljoen gedaal het, gedurende September met R38 miljoen toegeneem. Terselfdertyd het die bankkrediet aan die private sektor gedurende die derde kwartaal (in die besonder gedurende September) weer betreklik skerp gestyg, nadat dit gedurende die tweede kwartaal byna geen verandering getoon het nie.

Bankkrediet aan die private sektor


Nadat dit aan die einde van April 1976 'n hoogtepunt bereik het, het die totale eise van die banksektor teen die private sektor, ná uitkakeling van die seisoensinvloed, gedurende die vier maande tot aan die einde van Augustus met meer as R150 miljoen, of teen

Verandering in geld en kwasi-geld



Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Verandering in :



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1976
R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserves	-68	-468	-246	-37	-545	-187
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	244	236	75			
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-248	579	-35			
Netto eise	-4	815	40	368	638	162
Eise teen die private sektor	191	-46	196	106	5	152
Private langtermyndeposito's (toename -, afname +)	154	-28	-95	128	74	-147
Netto ander bates	-121	196	149			
Totale oorsake van veranderings	152	469	44	305	361	43

'n jaarkoers van ietwat meer as 5 persent, gedaal. Hierdie afname is grotendeels verklaar deur 'n daling in die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke. Die opmerklike styging van R158 miljoen in die seisoensaangesuiwerde eise teen die private sektor gedurende September is op sy beurt grotendeels verklaar deur vermeerderde diskonteringe, voorskotte, en beleggings in effekte van die private sektor, van die handelsbanke. Dit wil voorkom asof hierdie ommekeer gedurende September van die afwaartse neiging in die bankkredietverlening verband gehou het met die voorsiening van bankkrediet aan maatskappye wat in die algemeen ongunstige sakeklimaat probleme met hul kontantvloeï ondervind het, en dit het moontlik ook die finansiering van invoerdeposito's deur die banke weer-spieël. Voorlopige gegewens ten opsigte van die vyf grootste banke en hulle filiale dui daarop dat hierdie neiging in Oktober voortgesit is.


Oorskot-likwiditeit van bankinstellings

Ná 'n tydelike styging aan die einde van Junie, het die oorskotlikwiditeit van bankinstellings aan die einde van Julie na opmerklik laer vlakke teruggekeer en aan die einde van Augustus, September en Oktober betreklik laag gebly. Die matige herstel gedurende Augustus was hoofsaaklik 'n weerspieëling van 'n daling in die banke se korttermynverpligtings teenoor die publiek vanaf die einde van Junie tot die einde van Julie.

Oorskot-likwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1976

	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.
Handelsbanke	5,1	1,1	2,5	1,7	1,9
Ander monetêre banke	0,3	0,6	-0,2	1,3	1,3
Ander banke	-0,1	1,6	0,5	0,7	0,9
Alle banke	3,4	0,9	1,5	1,5	1,6

Oorskot-likwiede bates van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke




Die geldmarktoestand en rentekoerse

Korttermynrentekoerse, wat gedurende die eerste sewe maande van 1976 op hoë vlakke gestaan het, het vanaf Augustus bykans ononderbroke gedaal. Die diskonto-koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld vanaf 11,15 persent in Augustus tot 9,25 persent op 19 November gedaal. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het eweneens gedaal vanaf 12,50 persent aan die begin van Augustus tot 8,75 persent op 5 November maar daarna gestyg tot 9,75 persent op 19 November. Die skatkiswissel-tenderkoers het slegs marginaal vanaf 7,78 persent op 6 Augustus tot 7,72 persent gedurende die grootste deel van November afgeneem.

Daggeldlenings by die diskontohuise het vanaf ongeveer R800 miljoen gedurende Augustus tot 'n

Geldmarkrentekoerse



rekord van R898 miljoen op 28 Oktober gestyg maar gedurende die eerste drie weke van November effens afgeneem. Die banke se vrywillige kontantreserwes by die Nasionale Finansiële Korporasie, wat gedurende die eerste sewe maande van 1976 op 'n hoë vlak was, het vanaf die middel van Augustus geneig om ietwat af te neem, maar daarna vanaf die einde van September gestyg.


Die rentekoerse op deposito's by bankinstellings het gedurende die eerste tien maande van 1976 onveranderd gebly. Sekere deposito-rentekoerse (in die korttermynkategorie) is teen die einde van Oktober en die begin van November deur 'n aantal bankinstellings verlaag.

Staatsfinansies


Skatkisuitreikings

Die groot styging van bykans 40 persent in skatkisuitreikings gedurende die eerste kwartaal van die 1976/77 fiskale jaar, dit wil sê van April tot Junie, vergeleke met dié gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975, is gevolg deur 'n matige styging van slegs 4 persent gedurende die tweede kwartaal. Vir die eerste helfte van die fiskale jaar was die skatkisuitrei-

Ontvangste en uitreikings op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skuldaflissing)



Tekort op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skuldaflissing)



kings 20 persent hoër as vir die eerste helfte van die vorige jaar. Ten einde uitgawes te beperk, in ooreenstemming met die Begrotingsramings tot 'n toename van ongeveer 13 persent vir die fiskale jaar in sy geheel, sal uitreikings gedurende die tweede helfte van die fiskale jaar, vergeleke met die ooreenstemmende 1975/76-syfer, met nie meer as 5 persent moet styg nie. Gedurende Oktober 1976 was die skatkisuitreikings slegs effens hoër as dié van Oktober 1975. Ingeslote by die hoër uitreikings gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar was uitreikings onder die Begrotingspos Verdediging, wat met 37 persent gestyg het, leningsfondse aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë wat met 50 persent gestyg het, en die dienskoste van staatskuld wat 60 persent hoër was as gedurende die eerste helfte van die voorafgaande fiskale jaar.

Skatkisontvangste

Gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar het skatkisontvangste, uitgesonderd die opbrengs van lenings, 'n persentasiestyging van 13 persent getoon, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar, en was effens hoër as die raming van 11 persent in die Begroting vir die fiskale jaar in geheel. Inkomstebelasting en huurkontrakbetalings deur goudmynmaatskappye het gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar teen 'n vinniger koers gedaal as wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel voorsien is. Inkomstebelastingbetalings deur individue en doeane, aksyns- en verkoopreg het egter teen hoër as Begrotingskoerse gestyg. 'n Aansienlike styging in inkomstebelastingbetalings deur maatskappye (uitgesonderd goudmynmaatskappye) is in die eerste kwartaal van die fiskale jaar aangeteken maar die styging in hierdie betalings was opmerklik kleiner as gedurende die tweede kwartaal. Dit verklaar hoofsaaklik die laer koers van toename in totale inkomstebelastingbetalings gedurende daardie kwartaal nieteenstaande die hoër persoonlike inkomstebelastingkoerse wat in werking getree het.

Skatkisrekening

Persentasieverandering vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar

	1976/77			
	April-Junie	Julie-Sept.	April-Sept.	Begroting
Ontvangste				
Doeane, aksyns en verkoopreg	19,8	32,2	26,2	23,5
Inkomstebelasting (uitgesonderd goudmyne)	34,7	12,6	20,7	16,4
Inkomstebelasting en huurkontrakbetalings deur goudmyne	-39,1	-25,4	-30,7	-22,1
Ander binnelandse inkomste	14,4	-5,0	3,0	0,0
Totaal	19,2	8,7	12,9	11,0
Uitreikings				
	38,8	4,4	19,9	13,4

Finansiering van die skatkistekort

Weens die hoë vlak van skatkisuitreikings gedurende die eerste kwartaal van die huidige fiskale jaar is 'n aansienlike tekort (uitgesonderd leningsopbrengste en skulddelgings) van R936 miljoen in die Skatkisrekening aangeteken. Ofskoon die tekort gedurende die tweede kwartaal van die fiskale jaar tot R290 miljoen verminder is, is die tekort van R1 226 miljoen vir die eerste helfte van die betrokke jaar nogtans groot vergeleke met die bedrag van R853 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar en die begrotingsyfer (soos gewysig) van R1 670 miljoen vir die huidige fiskale jaar in geheel. Gedurende Oktober het die tekort R196 miljoen bedra, wat die tekort vir die eerste sewe maande van die huidige fiskale jaar op R1 422 miljoen te staan gebring het.

Skatkisfinansiering

R miljoene

	1975	1976		
	April-Sept.	April-Junie	Julie-Sept.	April-Sept.
Tekort	853	936	290	1 226
Gefinansier deur:				
Buitelandse sektor	144	6	92	98
Staatskuld-kommissaris	27	202	-11	190
Betaalmeester-generaal	170	120	90	210
Private nie-bank-sektor	253	58	268	327
Monetêre bank-sektor	259	550	-149	401
Totaal	853	936	290	1 226

Die kleiner tekort gedurende die tweede kwartaal van die fiskale jaar tesame met die groter lenings vanaf die private nie-banksektor, het die Tesourie in staat gestel om die skatkistekort sonder die gebruikmaking van bankkrediet te finansier. Die Skatkis se netto verpligting teenoor die monetêre banksektor het in werklikheid gedurende hierdie tydperk met R149 miljoen afgeneem terwyl dit gedurende die voorafgaande kwartaal met R550 miljoen toegeneem het. Die groter lenings vanaf die private nie-banksektor het bestaan uit uitgiftes van Nasionale Verdedigingsobligasies, nuwe uitgiftes van staatseffekte en ontvangste uit leningsheffings. Ander bronne van finansiering gedurende die tweede kwartaal van die fiskale jaar was die buitelandse sektor en die Betaalmeester-generaal.

Effekte- en obligasie-uitgiftes

Op 28 September is 'n nuwe langtermyn-effekte-uitgifte met 'n opbrengskoers tot delging van 11 persent, uitgereik. Aansoeke het R181 miljoen bedra, waarvan R40 miljoen en R12 miljoen onderskeidelik deur die Staatskuld-kommissaris en die monetêre banksektor ingeskryf is. Die private nie-banksektor het vir die

oorblywende R129 miljoen aansoek gedoen waarvan R100 miljoen van versekeraars en privaat-geadministreerde pensioenfondse en R25 miljoen van private maatskappye afkomstig was. Meeste van hierdie bedrae is gedurende Oktober 1976 ontvang en word derhalwe nie in die bostaande tabel weerspieël nie.

'n Korttermyn effekte-uitgifte met 'n opbrengskoers van 8,75 persent is op 15 November vir inskrywing oopgestel, op welke datum effekte van R24 miljoen hul vervaldatum bereik het. Inskrywings op die nuwe uitgifte het R229 miljoen bedra, waarvan R209 miljoen deur die monetêre banksektor ingeskryf is.

Tot aan die einde van Oktober het beleggings in Nasionale Verdedigingsobligasies, wat vanaf 1 Julie 1976 vir inskrywing beskikbaar is, in totaal R72 miljoen bedra. Versekeraars en privaat-geadministreerde pensioenfondse het vir R53 miljoen en individue vir R10 miljoen ingeskryf. Na 'n redelik gunstige reaksie gedurende die eerste uitgiftemaand, toe R52 miljoen belê is, het belangstelling in die Nasionale Verdedigingsobligasies skynbaar afgeneem en is daar vervolgens ongeveer R9 miljoen in Augustus, R8 miljoen in September en R3 miljoen gedurende Oktober belê.


Kapitaalmark

Ontwikkelings in die kapitaalmark gedurende die vier maande Julie tot Oktober 1976 het die verdere vernouing van die marktoestand wat teen die middel van die jaar ingetree het, weerspieël. So het langtermynrentekoerse, veral opbrengskoerse op effekte en aandele, gestyg, aandelepryse gedaal en verbanduitleenbedrywigheid en die bedrywigheid in die vaste eiendomsmark op 'n relatief lae vlak gebly.

Mark vir vaste-rentedraende effekte

In die mark vir vaste-rentedraende effekte was daar gedurende die tydperk Julie tot Oktober en die eerste deel van November 'n algemene styging in die opbrengskoerse op effekte. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermynstaatseffekte het in Augustus vanaf 10,0 tot 10,5 persent toegeneem en in September tot 11,0 persent. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van die hoogste graad semi-prima-effekte het vanaf 12,10 persent in Junie 1976 gestyg tot 12,24 persent in Augustus, 12,80 persent in Oktober en 12,86 persent in November. As gevolg van hierdie opbrengskoersaanpassings het die marge tussen die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte, wat vanaf 1,35 persent in Desember 1975 tot 2,10 persent in Junie vergroot het, weer tot 1,85 persent vernou. Teen die hoër opbrengskoerse is 'n geslaagde nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte teen die einde van September gedoen en is die jongste uitgiftes van semi-prima-effekte volskryf. Dit wil dus voorkom asof die

Opbrengskoerse op effekte en aandele



verwagtings van beleggers aangaande 'n verdere styging in langtermynopbrengskoerse, wat vir die grootste deel van die derde kwartaal in die mark geheers het, teen die einde van die oorsigtydperk grootliks verdwyn het. In ooreenstemming met die styging in die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte het die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van maatskappyskuldbriewe vanaf 13,50 persent in Junie 1976 tot 13,75 persent in Julie en daarna tot 14 persent in November toegeneem.

Aandelemark

Die aandelemark het gedurende die vier maande van Julie tot Oktober terneergedruk gebly en die pryse van die meeste klasse aandele het hul afwaartse beweging voortgesit. Ondanks 'n effense verbetering in goudmynaandelepryse gedurende September het hierdie pryse en dié van finansiële mynaandele onderskeidelik

met 29 persent en 20 persent gedaal en hul laagste vlakke sedert Maart 1973 en Desember 1971 onderskeidelik, bereik. Die pryse van ander finansiële aandele sowel as nywerheids- en handelsaandelepryse het dalings aangeteken wat vanaf 11 tot 19 persent gewissel het. Die pryse van steenkoolmynaandele het gedurende die derde kwartaal voortgegaan om te styg, maar het gedurende Oktober gedaal. Metaal- en mineraalaandelepryse, uitgesonderd goud- en steenkoolmynaandele, was gedurende die tydperk van vier maande onder beskouing ietwat hoër as gedurende die eerste helfte van die jaar, nieteenstaande 'n dalende neiging ná Julie.

As 'n weerspieëling van die algemene neiging van opbrengskoerse op langtermynneffekte, het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele toegeneem vanaf 8,4 persent in Junie 1976 tot 10,9 persent in Oktober. Die opbrengskoersmarge tussen langtermynstaatseffekte en gewone aandele het vanaf 1,6 persent in Junie tot net 0,1 persent in Oktober vernou.

Beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings

Die beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings was gedurende die derde kwartaal van 1976 merkbaar hoër as gedurende die eerste helfte van die jaar. Die toename in die seisoensaangesuiwerde bouverenigingaandele en -deposito's het gedurende die derde kwartaal R140 miljoen bedra, vergeleke met 'n kwartaallikse gemiddelde van R126 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar. Spaar- en langtermyndeposito's by bankinstellings het heel opmerklik verander. Vergeleke met 'n gemiddelde kwartaallikse afname van R17 miljoen


gedurende die eerste helfte van 1976, het hierdie deposito's, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, 'n toename van R165 miljoen gedurende die derde kwartaal getoon. Die vloeï van fondse na staatspaarfasiliteite, hoofsaaklik dié van die Departement Pos- en Telekommunikasiewese, het ook merkbaar toegeneem. Nuwe beleggings in deelnemingsverbandskemas is egter op min of meer dieselfde vlak gehandhaaf as gedurende die eerste helfte van die jaar. Ondanks die groter beweging van fondse na die betrokke instellings gedurende die derde kwartaal, was die totaal vir die eerste nege maande van 1976 slegs sowat 54 persent van die ooreenstemmende bedrag vir 1975.

Verband- en vaste eiendomsmark

As gevolg van die groter beweging van nuwe fondse na bouverenigings gedurende die derde kwartaal was nuwe verbandlenings toegestaan ietwat hoër as die kwartaallikse gemiddelde gedurende die eerste helfte van die jaar. Nuwe verbandlenings werklik uitbetaal, het egter gedurende die derde kwartaal voortgegaan om te daal en die hoër vlak van nuwe verbandlenings toegestaan sal heel moontlik eers gedurende die vierde kwartaal 'n invloed op die verbandmark hê. Nieteenstaande die styging gedurende die derde kwartaal was nuwe lenings wat gedurende die eerste nege maande van die jaar toegestaan is 12 persent laer as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1975.

Die dalende neiging in vaste eiendomstransaksies sedert die begin van 1976, is gedurende die derde kwartaal voortgesit. Die waarde van hierdie transaksies, seisoensaangesuiwerd, was gedurende die derde kwartaal gemiddeld 11,6 persent laer as die kwartaallikse gemiddelde vir die eerste helfte van die jaar.

Vloei van fondse na finansiële instellings



Notes to tables

Tables S-64 to S-67

Details of South Africa's foreign liabilities and assets as at the end of 1975, together with comparable data for the two preceding years, are published in this issue of the *Quarterly Bulletin*. These figures are based on the results of a Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets taken for the year 1973, brought up to date by means of annual sample surveys. Comparable figures for years prior to 1973 are not, as yet, available.

Foreign liabilities

South Africa's total foreign liabilities increased during 1975 by no less than R3 693 million or 28,9 per cent to R16 450 million at the end of the year. This sharp increase was mainly the result of increased foreign borrowing for the financing of infra-structural development by public corporations and the central government, large amounts of short-term capital obtained abroad by the Reserve Bank for balance of payments purposes and an increase in the short-term liabilities of the private sector which, in turn, was related to a sharp increase in the value of merchandise imports. On the other hand, the rate of increase in the foreign sector's stake in the share premium, reserves and undistributed profit of South African enterprises declined sharply from 13,0 per cent in 1974 to 7,2 per cent in 1975, mainly owing to a decline in the profitability of domestic enterprises in the current downward phase of the business cycle.

As most of the foreign long-term loans and a large part of the foreign short-term loans were obtained from foreign banks which do not have an effective say in the business operations of the South African borrowers, foreign non-direct investment increased by as much as 48,8 per cent as against a rise of only 11,0 per cent in foreign direct investment during 1975. At the end of 1975, non-direct investment exceeded direct investment by foreigners and amounted to 54,8 per cent of total foreign liabilities, compared with 47,5 per cent as at the end of 1974.

Substantial amounts borrowed abroad by the central government and banking sector were primarily responsible for the increase of R1 296 million or no less than 79,2 per cent in the foreign liabilities of the central government and banking sector during 1975. As the rate of increase in the foreign liabilities of the central government and banking sector exceeded that of the private sector in 1975, the foreign liabilities of the central government and banking sector as a percentage of total foreign liabilities increased from 12,8 per cent at the end of 1974 to 17,8 per cent at the end of 1975. The rate of increase in the foreign liabilities of the private sector remained almost unchanged at about 21,5 per cent in both years. However, in 1975 this increase was attributable to a more rapid rate of increase in foreign borrowing in

contrast to 1974 when the share premium, reserves and undistributed profit due to foreigners made the major contribution to the increase.

South Africa's foreign liabilities, classified according to main geographical areas, show increases during 1975 in respect of all the areas distinguished. As in 1974, the most marked rise was registered in respect of North and South America. From the end of 1973 to the end of 1975, the relative share of North and South America in the total foreign liabilities of South Africa increased from 17,1 to 21,7 per cent. This rise was mainly at the expense of the European Economic Community countries, whose share declined from 64,5 to 59,9 per cent over the same period.

Foreign assets

South Africa's foreign assets increased by R962 million or 25,2 per cent during 1975 to R4 776 million at the end of the year. This increase occurred largely as a result of a sharp rise in the foreign short-term assets of the central government and banking sector, South Africa's share of the share premium, reserves and undistributed profit of South African controlled foreign organisations and foreign short-term assets of the private sector. The increase in total foreign assets was about equally divided between direct and non-direct investment.

As at the end of 1974, foreign direct investment was equal to about 45 per cent and foreign non-direct investment to nearly 55 per cent of total foreign assets. The increase in direct investment during 1975 was primarily in the form of the share premium, reserves and undistributed profit of South African controlled foreign organisations, whereas the increase in non-direct investment occurred mainly in the foreign short-term assets of both the central government and banking sector and the private sector.

A geographical distribution of South Africa's foreign assets shows that they increased more rapidly in North and South America, Africa and Asia than in the European countries. The percentage share of North and South America in the total foreign assets of South Africa increased from 13,6 per cent at the end of 1974 to 18,3 per cent at the end of 1975, that of Africa from 23,7 to 26,5 per cent and that of Asia from 0,8 to 3,7 per cent over the same period. On the other hand, the percentage share of Europe declined from 37,9 per cent at the end of 1974 to 32,2 per cent at the end of 1975.

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-64 en S-67

Besonderhede van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1975, tesame met vergelykbare gegewens vir die voorafgaande twee jare, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op die resultate van 'n Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates vir die jaar 1973, wat deur middel van 'n jaarlikse steekproefopname op datum gebring is. Vergelykbare syfers vir die jare vóór 1973 is op hierdie stadium nog nie beskikbaar nie.

Buitelandse laste

Suid-Afrika se totale buitelandse laste het gedurende 1975 met nie minder nie as R3 693 miljoen of 28,9 persent tot R16 450 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie skerp toename was hoofsaaklik die gevolg van verhoogde buitelandse lenings vir die finansiering van infrastrukturele ontwikkeling deur die openbare korporasies en die sentrale regering, groot bedrae korttermynkapitaal wat vir betalingsbalansdoeleindes deur die Reserwebank in die buiteland geleen is en 'n toename in die korttermynlaste van die private sektor, wat weer op sy beurt saamhang met die skerp styging in die waarde van goedere-invoere. Daarteenoor het die koers van toename in die buitelandse sektor se aandeel in die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van Suid-Afrikaanse ondernemings skerp gedaal vanaf 13,0 persent in 1974 tot 7,2 persent in 1975, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die winsgewendheid van binnelandse ondernemings in die huidige afwaartse fase van die konjunkturgolf.

Aangesien die meeste van die buitelandse langtermynlenings en 'n groot gedeelte van die buitelandse korttermynlenings verkry is vanaf buitelandse banke wat nie effektiewe seggenskap in die sake-bedrywighede van die Suid-Afrikaanse leners het nie, het die buitelandse onregstreekse belegging gedurende 1975 met soveel as 48,8 persent toegeneem teenoor 'n toename van 11,0 persent in die buitelandse regstreekse belegging. Aan die einde van 1975 het onregstreekse belegging, regstreekse belegging deur buitelanders oorskry en 54,8 persent van die totale buitelandse laste bedra, vergeleke met 47,5 persent aan die einde van 1974.

Aansienlike bedrae wat deur die sentrale regering en banksektor in die buiteland geleen is, was hoofsaaklik vir die toename van R1 296 miljoen of nie minder nie as 79,2 persent in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor gedurende 1975 verantwoordelik. Aangesien die koers van toename in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor dié van die private sektor in 1975 oorskry het, het die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor as 'n persentasie van die totale buitelandse laste vanaf 12,8 persent aan die einde van 1974 tot 17,8 persent aan die einde van 1975 toegeneem. Die koers van toename in die buitelandse laste van die private sektor

het in albei jare bykans onveranderd op ongeveer 21,5 persent gebly. In 1975 was hierdie toename egter aan 'n vinniger koers van toename in buitelandse lenings toe te skryf, in teenstelling met 1974 toe die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins verskuldig aan buitelanders, die grootste bydrae tot die styging gemaak het.

Suid-Afrika se buitelandse laste ingedeel volgens die belangrikste geografiese gebiede het gedurende 1975 ten opsigte van al die gebiede wat onderskei word toegeneem. Soos in 1974, is die mees opmerklike toename ten opsigte van Noord- en Suid-Amerika aangeteken. Vanaf die einde van 1973 tot aan die einde van 1975 het die relatiewe aandeel van Noord- en Suid-Amerika in die buitelandse laste van Suid-Afrika vanaf 17,1 persent tot 21,7 persent toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik ten koste van die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, wie se aandeel vanaf 64,5 tot 59,9 persent oor dieselfde tydperk gedaal het.

Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het gedurende 1975 met R962 miljoen of 25,2 persent tot R4 776 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie toename het hoofsaaklik voorgekom as gevolg van 'n skerp styging in die buitelandse korttermynbates van die sentrale regering en banksektor, Suid-Afrika se aandeel in die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van Suid-Afrikaansbeheerde buitelandse organisasies en in buitelandse korttermynbates van die private sektor. Die toename in die totale buitelandse bates was ongeveer gelykop verdeel tussen regstreekse en onregstreekse belegging.

Soos aan die einde van 1974 was buitelandse regstreekse belegging gelyk aan ongeveer 45 persent en buitelandse onregstreekse belegging aan bykans 55 persent van totale buitelandse bates. Die toename in regstreekse belegging was gedurende 1975 hoofsaaklik in die vorm van die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van Suid-Afrikaansbeheerde buitelandse organisasies, terwyl die toename in onregstreekse belegging hoofsaaklik in die buitelandse korttermynbates van sowel die sentrale regering en banksektor as die private sektor voorgekom het.

'n Geografiese indeling van Suid-Afrika se buitelandse bates toon dat dit vinniger in Noord- en Suid-Amerika, Afrika en Asië as in die Europese lande gestyg het. Die persentasie-aandeel van Noord- en Suid-Amerika in die totale buitelandse bates van Suid-Afrika het vanaf 13,6 persent aan die einde van 1974 tot 18,3 persent aan die einde van 1975 gestyg, dié van Afrika vanaf 23,7 tot 26,5 persent en dié van Asië vanaf 0,8 tot 3,7 persent oor dieselfde tydperk. Daarteenoor het die persentasie-aandeel van Europa vanaf 37,9 persent aan die einde van 1974 tot 32,2 persent aan die einde van 1975 gedaal.